KENNISGEWING 37 VAN 2019

ERWE 865 EN 867 VAN DIE DORP DORINGKRUIN
STAD VAN MATLOSANA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
WYSIGINGSKEMA 1155 VIR ERF 865 (HERSONERING) EN SKEDULE H
WYSIGINGSKEMA 1202 VIR ERF 867 (HERSONERING) EN SKEDULE H

Ek Joze Maleta, synde die gemagtigde agent van die eienaar van:

- Erf 865, geleë te Karee en Gardenia Laan, en
- Erf 867, geleë te Hibiscus en Kowie Sadie Laan, Dorp Doringkruin, Noord-Wes Provinsie, gee hiermee ingevolge: Artikel 41(1)(a),(2)(b)(d) van die wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), saamgelees met Artikels 62(1), 67, 94(1)(a), 95(1) en 96 van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipalitiet se Ruimtelike Beplanning en Grond gebruikbestuurverordening, 2016 (SPLUMA By-wette), asook Artikels 56(1)(b)(i) van die Ordonansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, (Transvaal), 1986 (Ordonansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van die grondgebruiksregte, (ook bekend as hersonering) van die Eiendomme asook Onderverdeling van Erwe 865 en 867 onderskeidelik:

Erf 865 van die Dorp Doringkruin:
(A) Die voorneme is om die erf te Onderverdeel in 13 gedeeltes; **(B)** en dan te hersoneer vanaf **"Park"** na **"Residensiël 2"** vir 13 wooneenhede en verwante doeleindes met die toestemming van die Plaaslike Owerheid, soos omskryf in die Wysigingskema 1155 en Skedule H; **(C)** die volgende aangrensende eiendomme naamlik: Erwe 416-420, 448-452, 461, 462 & 472 van Doringkruin, asook eiendomme in die onmiddelike omgewing van die Eiendom kan moontlik hierdeur geraak word;

Erf 867 van die Dorp Doringkruin:
(D) Die voorneme is om die erf te Onderverdeel in 10 Gedeeltes; **(E)** en dan te hersoneer vanaf **"Park"** na **"Residensiël 2"** vir 10 wooneenhede en verwante doeleindes met die toestemming van die Plaaslike Owerheid, soos omskryf in die Wysigingskema 1202 en Skedule H; **(F)** Die volgende aangrensende eiendomme naamlik: Erwe 611, 612, 620, 621, 586-590 & 872 van Doringkruin, asook eiendomme in die onmiddelike omgewing van die Eiendom kan moontlik hierdeur geraak word.

Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, moet skriftelik ingedien word binne n tydperk van 30 dae vanaf die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale *Gazette*, Beeld en Citizen Nuusblad na die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit: Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bram Fischerstraat, Burgersentrum, Rekords afdeling, Keldervloer, Klerksdorp, 2570 of Posbus 99, Klerksdorp, 2570. Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan tydens kantoorure bogenoemde addres besoek waartydens die beamptes van die stadsbeplanningsafdeling daardie persoon behulpsaam sal wees ten einde hul besware of kommentare te transkribeer. Besonderhede van die Aansoek en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie en insae gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir n tydperk van 30 dae van die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale *Gazette*, Beeld en Citizen Nuusblad. Sluitingsdatum vir enige besware: 17 April 2019. Adres van die applikant: Mnr. Joze Maleta, Posbus 1372, Klerksdorp, 2570, Telefoon nommer: (018) 462 1991, info@jmland.co.za. Datums waarop kennisgewings gepubliseer sal word: 19 en 26 March 2019.

19-26